PANDAPAK
MET MUS EN SERP

BENODIGDHEDE: *Fiesta Pullskein (100-g-uittrekstringe), 200 g wit (W) en 40 g swart (S); 120 g Pingouin Mist (50-g-bolle) (PM); een paar elk breinaalde van 3,50 mm en 4,50 mm; 2 wit knope, 9 swart knope van 3 verskillende groottes.*

MATE: *Om kleuter van 1½ tot 2 jaar oud te pas.*

SPANNING: *19 ste en 36 rye = 10 x 10 cm oor reksteek met 4,50-mm-breinaalde en Fiesta-garing; 19 ste en 25 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4,50-mm-breinaalde.*

AFKORTINGS: *r - brei regs; aw - brei aweregs; vlg - volgende; st(e) - steek(steke); oorbl - oorblywende; rs - reksteek (=elke ry regs); alt - alternatiewe; ks - koussteek (=een ry regs, een ry aweregs); herh - herhaal; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; weersk - weerskante; rif - riffelsteek (=een regs, een aweregs).*

Buissteek: Elke ry, oor ewe aantal steke: r 1, gl 1 aweregsgewys; herh tot einde.

SKOUERBROEKIE

VOOR- EN AGTERPANT (eenders: Eerste broekspyp: Met 3,50-mm-breinaalde en W stel 34 steke op en brei 4 rye buissteek.

Slaan oor na rif en brei 3,50 cm.

Slaan oor na 4,50-mm-breinaalde en rs; brei voort tot werk 30 cm lank is vanaf begin.

Plaas hierdie steke op 'n reserwenaald.

Brei die tweede broekspyp op dieselfde manier tot dit ook 30 cm lank is.

Brei die vlg ry, stel 6 ste op vir kruis, en brei die steke van reserwenaald af op dieselfde breinaald.

Brei voort in rs oor al die steke en vermin 1 st aan weersk van kruis in die 3 daaropvlg alt rye.

Brei voort op oorbl ste en vermin 1 st aan weersk van werk.

Brei 6 cm en vermin nog een keer 1 st aan weersk van werk.

Brei voort tot werk 48 cm lank is vanaf begin (gemeet oor 'n syrand).

Mousgatvorming: Heg aan weersk van elke alt ry een keer 4 ste af, dan 3 keer 2 ste.

Hou aan met vermin van 1 st aan weersk van elke alt ry, 4 keer.

Brei so voort tot werk 50 cm lank is vanaf begin.

Halsvorming: Heg middelste 10 ste af en brei elke skouer afsonderlik.

Vermin aan halsrand soos volg in elke alt ry: 2 ste, 3 keer, dan 1 st 2 keer.

Brei voort op oorbl steke tot werk 8 cm lank is, dit vorm die skouerbandjie. Heg af.

SAKKE: Met 4,50-mm-breinaalde en W stel 19 ste op en brei ks, vermeer 1 st aan weersk van elke ry, 4 keer.

Brei 22 rye reguit voort, slaan oor na rs.

Brei 6 rye en heg al die ste in vlg ry af.

AFWERKING: Werk nate toe. Met 3,50-mm-breinaalde en W tel ste op halsrand van agterpant op en brei 0,5 cm buissteek. Heg af.

Brei net so 'n randjie vir voorpant, en rondom armsgate, en bokant van skouerbande. Wanneer ste vir skouerbande van voorpant opgetel word, moet 2 ste afgeheg word (vir knoopsgat) en in vlg ry 2 ste opgestel word om die afgehegte steke te vervang.

Werk knope aan skouerbande van agterpant vas.

Borduur op sakke met duplikaatsteek, volg diagram, werk swart knope vir bek en oë van panda aan. Werk sakke aan broekspype vas.

SERP

Met 4,50-mm-breinaalde en PM stel 25 ste op en brei ks, vermeer 1 st weersk van vlg 6 rye. Plaas hierdie ste op 'n reserwenaald en brei nog so 'n stuk.

Plaas nou al die steke op een breinaald en brei voort tot werk 95 cm lank is. Heg al die ste in vlg ry af.

AFWERKING: Borduur met 'n duplikaatsteek 'n panda-kop op een van die twee helftes, werk swart knope in posisie vas om oë en bek voor te stel. Vou serp oorlangs dubbel, met verkeerde kant na buite, en werk 2 van die 3 kante toe. Dop om en werk laaste kant ook toe.

MUS

Met 3,50-mm-breinaalde en PM stel 100 ste op en brei 4,5 cm r 2-, aw 2-rif.

Slaan oor na 4,50-mm-breinaalde en ks, brei voort tot werk 8 cm lank is.

Vlg ry: Plaas eerste en laaste 25 ste van werk op reserwenaald en brei voort op middelste 50 ste (vir voorkant), tot werk 10 cm lank is.

Vlg ry: Vermin 5 ste oor ry, d.w.s., brei 2 ste, *r2 tes, r 9*; herh van * tot * nog 3 keer, r2 tes, r 2.

Vermin daarna nogmaals 5 ste elke alt ry, 6 keer.

Vlg ry: Heg af.

Plaas nou steke van 2 reserwenaalde op een breinaald en brei agterkant op dieselfde manier as voorkant.

Tel 22 ste op uit die sykante van agter- en voorkant en brei 4 rye ks.

Vermin 1 st aan weersk van elke alt ry 8 keer.

Heg al die oorbl ste in vlg ry af.

AFWERKING: Borduur ore met duplikaatsteek aan voorkant, volg diagram. Werk nate toe.

DIAGRAM BROEKIE